**Tema:** Genadelig verdryf mensgemaakte duisternis.
**Skriflesing:** Jesaja 8:23-9:6 en Matteus 4:12-17

Die volk sit vasgevang in sondeduisternis, want hul het God as hul bron van lig verwerp.

Hulle sluit koalisies met heidense volke en val mekaar aan.
Ons lees in Jesaja 9 ‘n paar verse wat hul lewenswyse in duister beskryf:
“Die volk het hulle egter nie bekeer tot Hom deur wie hulle gestraf is nie, hulle het nie gevra na die wil van die Here die Almagtige nie.” (Jes 9:12)
“Almal is godloos en sleg, elke mond laster teen die Here.” (Jes 9:16)
“die een mens bekommer hom nie oor die ander nie. Elkeen verslind links en regs maar kry nie genoeg nie.” (Jes 9:18b-19a)
Daarom gaan God hulle straf.

Soos die volk, so is ons sonde steeds die oorsaak van donker in ons eie lewens, ander se lewens en die wêreld.

Maar God het ons te lief om ons te los in die donker waarvoor ons gekies het. Hy straf sonde, maar 'n somber woord van straf is nooit God se laaste woord nie. Die tyd van donkerte en wanhoop sal nie vir altyd aanhou nie. God se heerlike toekoms sal deurbreek wanneer Hy ‘n nuwe begin met sy volk maak.

God se lig breek deur in die stede waar die duisternis begin het. Die stede is in die noordelike deel van Israel waar die Assiriese aanvalle, wat gelei het tot ballingskap, begin het. Dáár sal nie meer duisternis wees nie.

Hulle wat in die donkerte geleef het, sal weer 'n groot lig sien. So seker is die profeet van sy saak dat hy in die verlede tyd praat, asof dit reeds gebeur het: “Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.” (Jes 9:1)
“Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers,…” (Jes 9:5a)

God stuur vir sy volk ‘n koning uit die nageslag van Dawid. Baie Bybelkenners dink Jesaja het oorspronklik na Hiskia, die seun van Ahaz verwys. Waarom Hiskia?
Hy was ’n regverdige koning in Juda. Hy het godsdienstige hervormings gedoen. (2 Konings 18). Hy het op God vertrou in die stryd teen Assirië. Sy regering het stabiliteit en hoop gebring.

Maar die titels in die vers wys ook op iemand meer as Hiskia.
Hy sal genoem word Wonderbare Raadsman. Hy gee raad wat alle menslike verstand te bowe gaan.
Hy is die Magtige God. Hy het die laaste woord. Hy kan sy volk teen elke bedreiging beskerm. Hy vestig sy Koninkryk met regverdigheid en reg. Op die troon van Dawid regeer Hy vir altyd, sy heerskappy het geen einde nie.
Hy is Ewige Vader. 'n Pa wat voortdurend vir ons sorg.
En Hy sal genoem word Vredevors. Dit is Hy wat vrede en voorspoed bring. Hierdie profesie vind sy vervulling in Jesus Christus.

Hy het Hom in die gebied van Sebulon en Naftali, in die noorde van die land waar die duisternis van ballingskap begin het, gaan vestig het. Daar vind sy eerste optrede plaas. Ons lees daarvan in Matteus 4:13-17: “[13]Hy het nie in Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig in Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en Naftali. [14]So moes vervul word wat deur die profeet Jesaja gesê is:
[15]“Jy, gebied van Sebulon en gebied van Naftali, aan die seekant en oorkant die Jordaan,Galilea waar die heidene woon!
[16]Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; hulle wat in die skemerland van die dood lewe,

vir hulle het die lig opgegaan.”
[17]Van toe af het Jesus begin preek en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.”

Hy red ons uit mensgemaak duisternis na sy genadelig. Ons moet ons tot Hom as Lig bekeer. Dan verander Hy ons lewens onherroeplik.

In sy Lig is daar **vreugde waar hartseer was.**
In Jesaja 9:2 lees ons: ”U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydskap groot gemaak. Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel.”

Die volk se vreugde word met twee beelde geteken. Die vreugde van oestyd en die blydskap van soldate wanneer die veldtog verby is en hulle die buit verdeel.

Vreugde is nie in iets, sukses, ons situasie of oorwinning nie. Vreugde is in Iemand. In Filippense 4:4 klink Paulus se bekende oproep uit die tronk: “[4]Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!”

In sy Lig is **vryheid waar gebondenheid was.**
Vir Israel is vryheid God wat met hulle voor begin en hul verlos uit ballingskap. Dit is Hy wat die juk breek wat op die volk gerus het, die stok waarmee hulle geslaan is. Hy beëindig oorlog en hulle swaarkry.

Ook ons is deur Hom vrygemaak. In Johannes 8:34 en 36 sê Jesus vir ons: “Dit verseker ek julle: Elkeen wat sonde doen, is ‘n slaaf van die sonde.” Ons sondekettings van die dood waarmee ons gebind was, is egter klaar deur Hom gebreek. “Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.”

In sy Lig is daar **vrede waar stryd was.**
Die volk het in selfgemaakte sondeduisternis die koning en selfs vir God vervloek. En tog is Hy die Vredevors. Hy gee nie net vrede nie, Hy is vrede.

In Filippense 4:6-7 is ons terug by Paulus wat leiding gee: “[6]Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. [7]En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.” En in Filippense 4:9 word ons verseker: “En God wat vrede gee, sal by julle wees.”

Die kruis en die graf is leeg! God het weer ingegryp! Hierdie keer deur sy Seun, Jesus Christus. Hy het oorwinning oor die duisternis van ons sonde en dood behaal. Oor ons wat in donkerte geleef het, skyn sy lig.

Ons is nie net toeskouers hiervan nie. In geloof deel ons in sy opstandingskrag en leef ons in sy oorwinning. Sy lig is sigbaar in ons lewens. Ons is vry van ons donker verlede. Ons is gevul met sy vreugde en vrede wat niks of niemand by ons kan steel nie. Ons neem deel aan sy oorwinning oor sonde en dood. En ons weet waarheen ons oppad is – vanaf ons aardse huis na ewige huis van ons Vader.

Vanoggend word ons as kinders van die Here, wat in ‘n wêreld vol duisternis leef en wat soms in vertwyfeling en wanhoop verkeer, verseker - Hy het ons duisternis in lig verander en Hy nooi elkeen van ons om in sy lig te leef.
Amen